



Vak: Graad 10 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 136 Punte

1. A: Wat om in te pak vir pousekos

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf vyf:

"Party troos hulle daaraan deur die goeie ou dae te onthou - toe hulle hul bes probeer het om hul kinders betyds by die skool te kry; toe hulle bekommerd was **oor wat om in te pak vir pousekos**; hoe hulle huis toe gejaag het om die kinders betyds by die skool op te tel."

2. waar

2 punte

Verduideliking:

Wanneer 'n woord op 'n **l, n of r eindig**, word die **agtervoegsel -tjie** bygevoeg om die verkleinwoord ("diminutive") te vorm.

Jy kan dit maklik onthou, deur die woorde: links **na** regs, daaraan te koppel.

3. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Paragraaf sewe:

"Tuisskoling verg meer geduld as wat 'n ouer, en selfs ook 'n onderwyser het!"

Dit beteken dat tuisskoling **baie geduld** ("patience") **verg** van 'n ouer en 'n onderwyser.

4. "Van wanneer af het skool so moeilik geword?" | "Hoekom is daar meer as een manier van optel?" | Van wanneer af het skool so moeilik geword? | Hoekom is daar meer as een manier van optel?

3 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 3:

"Meer as een ouer het in hierdie pandemie-dae al hardop gewonder: "Van wanneer af het skool so moeilik geword?" "Hoekom is daar meer as een manier van optel?""

5. betyds | betyds. | "betyds"

3 punte

Verduideliking:

Die sinne in paragraaf vyf sê dat ouers voorheen (in die goeie ou dae) hul bes gedoen het om hul kinders **betyds** by die skool te kry.

As jy **betyds** ("on time") is, beteken dit dat jy op die **regte tyd opgedaag het**. Jy is nie laat ("not late") nie.



6. niks | antonieme

4 punte

Verduideliking:

'n **Antoniem** ("antonym") is 'n woord wat die **teenoorgestelde** ("opposite") beteken, byvoorbeeld:

- goedkoop of duur
- siek of gesond
- alles of niks

7. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Woorde wat eindig op 'n **i, o, u en 'n beklemtoonde 'a'**, kry 'n **afkapping 's**, in die meervoud ("plural"), byvoorbeeld:

- taxi's
- skadu's
- radio's
- ma's.

Pandemie **eindig nie** op een van die letters nie, daarom kry dit **nie 'n afkappings 's** in die meervoud **nie**.

8. B: in die vorm van 'n ontkenning geskryf.

4 punte

Verduideliking:

Die **dubbele nie** kom in die sin voor. Dit beteken dat die sin in die ontkenning geskryf word. Dit dui aan dat iets **nie sal gebeur nie**.

9. geduld | uithouvermoë | aanpasbaarheid | humor

3 punte

Verduideliking:

Abstrakte selfstandige naamwoorde ("abstract nouns") is ontasbare ("untouchable") dinge, met ander woorde: jy kan nie daaraan raak nie.

Dit beskryf watter emosies ("emotions") jy beleef en jou gevoelens ("feelings").



10. pakkie

3 punte

Verduideliking:

Versamelname ("collective nouns") dui 'n **groep van dieselfde** soort mense, diere of dinge aan, byvoorbeeld:

- 'n **pakkie** skyfies
- 'n **trop** beeste
- 'n **reeks** berge.

11. waar

2 punte

Verduideliking:

'n **Samestelling** ("compound noun") is 'n woord wat gevorm word deur twee of meer woorde bymekaar te voeg.

Fotodag is gevorm deur **twee soortname** ("common nouns"), foto + dag, bymekaar te voeg en as **een woord** geskryf.

12. tensy | "tensy" | tensy.

3 punte

Verduideliking:

Paragraaf nege:

"Sommige ouers is min gepla oor hoe hul huise binne lyk **tensy** ("unless") daar besoekers ("visitors") kom."

Wanneer **voegwoorde** ("conjunctions"), soos **tensy**, uit Groep 3 gebruik word, skuif die werkwoord ("verb") van die tweede sin, na die **einde** van die **sin** wat **saamgevoeg** word.

13. skielik | nagte

4 punte

Verduideliking:

'n **Sinoniem** ("synonym") is 'n woord wat amper **dieselfde** ("almost the same") betekenis het, byvoorbeeld:

- gratis of verniet
- onverwags of skielik

'n **Antoniem** ("antonym") is 'n woord wat die **teenoorgestelde** ("opposite") beteken, byvoorbeeld:

- binne of buite
- dae of nagte.



14. C: baie, meer,

4 punte

Verduideliking:

Die **trappe van vergelyking** ("degrees of comparison") word gebruik om byvoeglike naamwoorde in intensiewer vorme uit te druk, byvoorbeeld:

- iemand is lank, iemand anders is **langer as** hy, maar iemand anders is **die langste** van almal.

Let op die gebruik van die woorde in die **vergelykende trap** ("comparative degree") en die woord die in die **oortreffende trap** ("superlative degree").

15. om te eet | om te eet! | om te eet. | "om te eet" | "om te eet!"

3 punte

Verduideliking:

Ons het in paragraaf ag gelees:

"Een pa het gesê sy hoërskoolkinders voldoen aan al die vereistes vir afstandsonderrig - as die vereistes is **om heeldag videospelletjies te speel** en **om te eet!**"

'n Infinitief ("infinitive") begin met die woorde **om ... te** (om heeldag videospelletjies te speel) of **om te** (om te eet).

16. vraagsin | bevelsin

4 punte

Verduideliking:

'n **Vraagsin** ("questions") vra 'n vraag of versoek dat inligting verskaf word. Dit eindig met 'n vraagteken ("question mark").

'n **Uitroepsin** ("exclamation") toon sterk emosie of gevoel en eindig met 'n uitroepteken ("exclamation mark").



17. samestelling | afleiding

4 punte

Verduideliking:

'n **Samestelling** ("compound word") is 'n woord wat gevorm word deur twee of meer **stamwoorde** ("root words") bymekaar te voeg, byvoorbeeld:

- was + goed = **wasgoed**
- lees + stuk = **leesstuk**
- rond + staan = **rondstaan**

'n **Afleiding** ("derivative") is 'n woord wat bestaan uit 'n **stam** ("root word") en **voorvoegsel** ("prefix") en/of **agtervoegsel** ("suffix"), byvoorbeeld:

- boet + ies = **boeties**
- be + boet = **beboet**
- boet + e = **boete**

18. B: dié van bestuurder

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 2:

"Met ouers en kinders wat tydens die pandemie van die huis af werk, moet 'n ouer gelyktydig drie take uitvoer - dié van **ouer**, **onderwyser** en **werknemer of werkgewer**."

19. vriend | vriendinnetjie

6 punte

Verduideliking:

Vriendin is die vroulike vorm van **vriend**. Ander voorbeelde van manlike en vroulike vorme in die alledaagse lewe: aktrise is die vroulike vorm van **akteur** en **heldin** is die vroulike vorm van held.

Lang woorde kry dikwels "**etjie**" in die verkleiningsvorm.

20. waar

2 punte

Verduideliking:

Die **direkte rede** ("direct speech") word gebruik wanneer 'n persoon se woorde direk weergegee word.

Na die naam en die werkwoord waarmee die direkte rede begin, kom 'n **dubbelpunt** ("colon") (:). **Aanhalingstekens** ("quotation marks") dui aan wat die persoon se presiese woorde is.

21. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Paragraaf vier:

"Wat doen jy as jou kind by die tafel opdaag, gereed vir die dag se werk, maar aangetrek asof dit "fotodag" by die skool is? Lag jy oor die slimigheid, of skakel jy bekommerd jou ma of beste vriendin omdat jy dink jou kind stort in een?"

22. goeie | goeie. | "goeie"

3 punte

Verduideliking:

Antonieme ("antonyms") is woorde wat die teenoorgestelde ("opposite") beteken is, byvoorbeeld:

- koud of warm
 - honger of versadig
 - siek of gesond
-

23. A: Zoom

4 punte

Verduideliking:

'n **Eienaam** ("proper noun") word aan mense, diere, dorpe, stede, strate, koerante, rekenaarprogramme, besighede, musikergroepe, skole, lande of berge gegee. Dit word altyd met 'n **hoofletter** geskryf, byvoorbeeld:

- Nederland
 - Vaalrivier
 - Huisgenoot
-

24. B: maar

4 punte

Verduideliking:

Sinne wat met **Groep 1-voegwoorde** verbind word, se **woorde** bly **dieselfde**.

- **Daar** kom altyd 'n **komma** voor die voegwoorde van Groep 1.
- Die voegwoorde in Groep 1, sluit in: **en, maar, want, of**

Ek eet 'n appel. Hy speel tennis.

Ek eet 'n appel, maar hy speel tennis.



25. tuisskoling | tuisskoling. | "tuisskoling"

3 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf vyf:

"Vir die meeste ouers was **tuisskoling** totaal onverwags, veral vir soveel maande."

Die ouers het nie gedink dat dit hulle ooit tuisskoling, veral vir so lank, met hulle kinders sou doen nie.

26. bly in hul sitplekke | gee aandag aan hul onderwysers | voltooi hul werk

6 punte

Verduideliking:

Ons het in paragraaf een gelees:

"Wie het ooit gedink dat soveel kinders van die huis af sal leer? Beslis nie hul ouers nie - wat nou die uitdagende ("challenging") taak het om seker te maak hul kinders **bly in hul sitplekke, gee aandag aan hul onderwysers en voltooi hul werk.**"

27. huis binne lyk | besoekers

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf nege:

"Sommige ouers is min gepla oor hoe hul **huise binne lyk** tensy daar **besoekers** kom."

28. waar

2 punte

Verduideliking:

Antonieme ("antonyms") is woorde wat die **teenoorgestelde** ("opposite") **betekenis** het, byvoorbeeld:

- hard en sag
- oud en jonk
- beter en slegter

29. waar

2 punte

Verduideliking:

Ons het in paragraaf vyf gelees: "Party troos hulle daaraan deur die goeie ou dae te onthou ..."

"Troos" ("comfort") wys dat hulle probeer om hulself te laat beter voel.



30. C: kla

4 punte

Verduideliking:

Die **werkwoord** ("verb") dui aan **watter aksie** in die sin gebeur.

Soms bestaan 'n sin uit net **een** woord - die **werkwoord** ("verb"), byvoorbeeld:

- Hardloop!
-

31. dit verander die wyse waarop jy leer | jy met Vodacom e-school kan kry

4 punte

Verduideliking:

Die advertensie **prikkel** die leser se **belangstelling**, want dit:

- Verander die wyse waarop jy leer
 - Dui aan wat jy met Vodacom -e-school kan kry.
-

32. D: drie

4 punte

Verduideliking:

Een van die belangrike **vereistes** ("requirements") van 'n advertensie is dat dit die leser moet vertel **wat om te doen**.

Hierdie advertensie dui dit **links onder** op die blad in **drie stappe** aan.

33. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die maatskappy wat adverteer se naam is **Vodacom**.

34. gratis | verskillende soorte hulp beskikbaar

4 punte

Verduideliking:

Daar is geen data-koste nie, daarom is dit gratis ("free of charge") beskikbaar.
Hulle bied 'n groot verskeidenheid ("variety") hulp aan.

35. Opvoedkundige toonaangewer | "Opvoedkundige toonaangewer"

3 punte

Verduideliking:

Die hoofopskrif is die grootste geskryf in 'n advertensie sodat dit dadelik jou aandag ("attention") kan trek.



36. B: samestellings

4 punte

Verduideliking:

'n **Samestelling** ("compound word") is 'n woord wat gevorm word deur twee of meer **stamwoorde** ("root words") bymekaar te voeg, byvoorbeeld:

- sel + foon = selfoon
- tyd + skrif = tydskrif
- oor + foon = oorfoon

37. uitgeput | kringe | min

6 punte

Verduideliking:

Sy lyftaal en gesig toon ("shows") dat hy moeg is, kringe onder die oë dui gewoonlik aan dat iemand min slaap.

Hy is bang dat hy enige gebeure ("happenings") sal mis, daarom bly hy wakker en kry nie genoeg rus ("rest") nie.

38. C: inligting en die vrees dat hy iets sal mis

4 punte

Verduideliking:

Hy het alle moontlike nuusbronne by hom. Hy vrees dat hy iets gaan mis. Hy wil die hele tyd ingelig wees.

Dit staan ook in hoofletters geskryf - Wie doen wat? Ek moet weet!

39. Twitter | Facebook | Kindle | Televisie | TV | selfoon | telefoon | koerant | tydskrif | rekenaar | DSTV | sosiale media | media | rekenaars

3 punte

Verduideliking:

Die man het alle moontlike kommunikasiemiddele ("means of communication") by hom, naamlik:

Twitter, Facebook, DSTV, televisie, selfoon, telefoon, Kindle, rekenaar, koerant, tydskrif ("magazine").

Daar is ook 'n verkyker ("binoculars") op die tafel sodat hy kan sien wat ander ver van hom af doen.

40. waar

2 punte

Verduideliking:

Die persoon is omring met alle moontlike kommunikasiemiddele. Hy wil alles binne sy bereik hê sodat hy dit maklik kan gebruik. Dit kom voor asof hy niks anders doen nie. Hy wil net heeltyd toegang tot alle moontlike inligting hê.

Totaal: 136 Punte